# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

---

Omsendbrief 19 van 2023




15 Junie 2023

Geagte Ouers

**1. <u>DAGROOSTER: 19 - 23 JUNIE 2023</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Dag 2 (Gr. 7 eksamen) |
| Woensdag | - | Dag 3 |
| Donderdag | - | Dag 4 |
| Vrydag | - | Skool sluit 9:00 |

2. **<u>NETBAL</u>**

Baie geluk aan die volgende netbalspanne wat uitstekend gevaar het tydens die Mpumalanga-kampioenskappe:

| | | |
|---|---|---|
| 0/13A | - | Goue Medalje wenners |
| 0/12A | - | Goue Medalje wenners |
| 0/12B | - | Brons medalje wenners |
| 0/13B | - | Silwer medalje wenners |

Ons is voorwaar baie trots op elke netbaldogter en hulle afrigters. Beste netbal Laerskool in Mpumalanga!!!!

3. **<u>SKOOLTYD</u>**

Die skool sluit van Maandag tot Donderdag elke dag 12:00 en Vrydag, 23 Junie om 9:00.

4. **<u>SKOOLGELD</u>**

Ons ervaar tans dat ouers wat EFT betalings maak nie die leerling **<u>SE NAAM EN VAN</u> of die REKENINGNOMMER** op die staat bv. **<u>BODE05</u>** gebruik nie. Dit skep 'n groot probleem in die finansiële kantoor want die geld kan nie na 'n rekening geallokeer word nie. Moet asb ook nie slegs u kind se naam of van gebruik nie. Daar is baie kinders in die skool met dieselfde name of vanne.

Daar is nog heelwat skoolgelde uitstaande. Skoolfonds is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand. Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal.

5. **<u>E-POS ADRESSE</u>**

Daar is tans baie e-posse wat teruggestuur word as onafgelewer weens foutiewe E-POS adresse. Al die rekeningstate word per e-pos gestuur. Indien u nie een ontvang nie is dit weens 'n foutiewe e-pos adres. Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om die korrekte e-pos adres aan die skool te verskaf.




Laerskoolgroet

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**